*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 24 Mei 2026**
**Pinkstersondag**

**Jesus se grootste antwoord op die gebed wat ek nie eers geweet het ek bid nie...**

*"Ek sê vir julle: 'Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. … …hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan hulle wat Hom vra!'"*
(Lukuas 11:9 & 13b)
*"Want Johannes het wel met water gedoop, maar oor nie baie dae nie sal julle met die Heilige Gees gedoop word."*
(Handelinge 1:5)

Jesus vergelyk die gebedslewe van gelowiges met aksies soos, "*vra*", "*soek*" en "*klop*". Die manier waarop God gebede antwoord vergelyk Jesus weer met woorde soos "*ontvang*", "*vind*" en met 'n deur wat "*oopgemaak*" word. Dan gebruik Hy twee voorbeelde uit die alledaagse lewe om die dissipels te help om te verstaan hoe God optree in hierdie gebedsverhouding met mense. Die een in kontras met 'n onwillige, suinige buurman en 'n ander 'n vergelyking met aardse vaders wat vir hulle kinders goeie dinge wil gee. Ons hemelse Vader is anders as die buurman en nog veel beter as aardse vaders.

Tog is dit dikwels in díe opdrag om te vra, te soek en klop, waar die gelowiges se krisis begin. Paulus, wanneer hy in Romeine 8 skryf oor die toestand van die skepping en daarmee saam die toestand van God se kinders in hierdie skepping, merk hy op dat ons te midde van hierdie vervalle sondige toestand, dikwels nie weet wat en hoe om te bid nie. Ons beleef dikwels asemnood in ons gebedsverhouding met God. So gereeld is dit wat ons dink, ons nie sonder kan klaarkom nie, juis dit wat besig is om ons te vernietig.

Ons bid vir voedsel, vir klere, vir vriendskap, vir sonskyn en vir reën en hierdie is belangrike dinge, maar dinge waarvoor 'n liefdevolle Vader reeds vir ons sorg. Wat ons eintlik nodig het, is iets waarvoor ons selde of ooit bid en die Vader weet dit. Toe die dissipels daardie eerste 10 dae voor Pinkster saam gebid het, het hulle gebid vir krag wat oor hulle sal kom, maar ek twyfel of hulle geweet het wat die omvang van daardie krag sou wees. Terwyl ek gebid het vir krag om 'n moeilike situasie te hanteer, het God in Sy wysheid en liefde vir my die Heilige Gees gegee – wat my vervul sodat ek nie net moeilike situasies kan hanteer nie, maar dat ek God se wil, kan ken en doen. Die Heilige Gees… die gebed wat ek nie eers geweet het dat ek bid nie!

**– ds Johan Marais.**

Hartlik welkom by ons gesamentlike feesdiens vanoggend, gelei deur di. Johan Marais en Janke Hurter, en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk.
Welkom aan besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* of Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel. Agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke op die tafel – neem gerus een en deel in ons liturgie en lering.

## Pinksterfees

**Gesamentelike erediens: Sondag, 24 Mei 2026**
**Liturge:** Di. Johan Marais en Janke Hurter

## Liturgie

**Aansteek van wydingskers ...**

**Wydingslied:** Lied 164:1-2 "Ons is almal hier tesaam"

**Votum:** Lukas 11:9-10

**Seëngroet**

**Loflied:** Lied 440:1, 2, 3 en 4 "Die Here salf ons met sy Gees"

**Oproep tot verootmoediging:** Romeine 12:9-21

**Verootmoedigingsgebed:** **Lied 278 "Hoor ons bid o Heer"** (Afr/Eng)

Hoor ons bid, o Heer;
hoor ons bid, o Heer.
Verhoor tog ons gebed
en gee ons vrede.

Hear our prayer, o Lord;
hear our prayer, o Lord.
Incline Thine ear to us,
and give us Your peace. Amen

**Kindermoment, genadeverkondiging en ruil van die kanselkleed...**

**Danklied:** **"Laudate omnes gentes"** (Afr/Eng/Lat/Sotho/Afr)

Afrikaans (Kinders)
Kom prys Hom alle nasies,
kom sing, kom loof die Heer!
Kom prys Hom alle volke,
kom sing, kom loof die Heer!

Engels (Almal)
Sing praises, all you peoples,
sing praises to the Lord.
Sing praises all you nations,
sing praises to our God!

Latyn (Almal)
Laudate omnes gentes,
laudate Dominum.
Laudate omnes gentes,
laudate Dominum.

Sotho (Almal)
Mo bokeng tjhaba tsohle,
rorisang Morena;
mo bokeng tjhaba tsohle,
rorisang Morena.

**Skriflesing:** Lukas 11:9-13

**Gebedslied:** Lied 442:1 & 2 Gees van God wat in my woon

**Woordbediening**

**Gebed**

**Liefdegawes**

**Skriflesing:** Handelinge 2:1-12

**Slotlied:** Lied 450:1 & 2 Vader, Seun, Heilige Gees

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 24 Mei | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). |
| | 18:00 – Geen aand/Taizédiens (ná Pinkster). |
| Sondag, 31 Mei | 09:30 – Ds. Jan Lubbe; gesinsdiens in saal – ds. Johan Marais. |
| | 18:00 – Ds. Jan Lubbe & paneel (Dag van Hoop en Heling). |
| Sondag, 7 Junie | 09:30 – Ds. Janke Hurter (gesamentlik; doop). |
| | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). |
| | 18:00 – Geen aanddiens; opening van Sinode Vrystaat in Bothaville. |

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 24 Mei | Corné van Rooyen en Stella van Staden. |
| 25 Mei | Reynardt du Plooy, Du Preez Grové, Ina Rossouw en Danie Strauss. |
| 26 Mei | Vivienne Lombard. |
| 27 Mei | Suné Bornman, Tarisa Joubert, Sheryn Rabie, Irene v/d Nieuwenhof en Elizma Weilbach. |
| 28 Mei | **Johan Cromhout** en Barend Vorster. |
| 29 Mei | Carmi du Plessis, Nina Fourie en Herman Kleynhans. |
| 30 Mei | Anneke Coetsee en Christiaan Slabbert. |

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lienkie Marais (LadySmithstr. 16, wyk 5); Kathy Jansen (Siësta, wyk 10); Tannie Anna van der Westhuizen (Serenitas133, wyk 15); Louise Botha (Serenitas 28, wyk 15a); Nadiha Visser (Genl. Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Christina Müller (Noorderbloem); Jan Davel (Santé 68 wyk 18) en Sheila Prinsloo (Serenitas 160, wyk 15). Ons dink ook aan elkeen wat 'n siek of verswakte familielid moet ondersteun, en bid hul die nabyheid van die Here toe – hier o.a. die moeder van Natasha en Frikkie Badenhorst.

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak gerus ds. Johan Marais (084 517 8052), wat ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) – in die Konsistorie o.l.v. ds. Jan Lubbe: *"Brief van Jakobus."* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362.

Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19-30 o.l.v. ds. Janke Hurter: *"Die ewige Koninkryk. Vind troos en hoop in Daniël"*. Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 078 894 9166.

Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in die Konsistorie o.l.v. ds Johan Marais: *'n Padkaart vir die lewe*. Indien jy wil inskakel, whatsapp na 084 517 8052.

## KERKRAADSAKE

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
In **Mei** is **Wyke 13** (Verre Weste), **14 (**Westdene) en **15** (Serenitas en Gratias) aan diens vir Sondae se tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter – dankie! Indien jy wil help, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193)

**55ste Sinode van die NG Kerk Vrystaat, 7-10 Junie 2026:**
Die Sinode van die NGK Vrystaat vind oor twee weke by NAMPO (Bothaville) plaas; ons word verteenwoordig deur di Jan Lubbe en Janke Hurter, asook oudle. Ellen-Anne en Marius Swart, Jaco van Niekerk en Jacques Potgieter. Laat ons nou reeds bid vir hierdie Sinode.

## BEDIENINGE

**GEMEENTEBEDIENING**
**Pinksterweek 2026:**
Dit was 'n besondere week saam: Soggens by Siësta, saans hier by Berg-en-Dal – baie dankie aan almal wat gehelp het; begeleiding, sop en broodjies, die uitstalling, logistiek... Dankie aan elkeen wat meegeleef het en dié Tien Dae saam deurgegaan het, gebid het.

**Gasvryheid nodig:** Gemeente George Bergsig (van ds Rudolph en Sanet Grobler) het weer hul uitreik na die Noorde en slaap hier by Mooigenoeg oor; ons wil help met hul aandete vir Vrydagaand, 26 Junie vir ± 50 lidmate. Kontak die kerkkantoor (073 180 3193) asb.

**GETUIENIS- EN BARMHARTIGHEID**
**Dag van Hoop en Heling 2026: "Vergifniswerk – wat doen dit ín my?"**
Ons nooi graag lidmate uit om volgende Sondagmiddag, 31 Mei om 16:00 'n werkswinkel oor die werking van vergifnis in mens se binneste te kom meemaak, met skrywer Johannes de Villiers en Hanneke Lubbe van Hospice; ons sluit met die aanddiens om 18:00 af.

**Nasorgsentrum-koekies te koop:** Dit wat oorgebly het ná die Pinkster in die saal, is te koop by die kerkkantoor (vandag en volgende Sondag); kom ondersteun hul gerus!

**Gemeentemark: Vrydag, 29 Mei 2026** – skenkings welkom! Kontak 078 991 8013.

### EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir daardie betrokke Sondag – vanoggend, 24 Mei: **Vennootskappe RICD.** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005).**

**Mei is Spesiale Dankoffermaand**! Met Herfs en Oestyd tussen Pase en Pinkster, sê ons as gemeente ook dankie, vir al God se guns en goedheid. Ons mikpunt is R 620 000; tot dusver het daar **R 191 549** ingekom – baie dankie. Laat ons biddend bly.

**Vrouediens se Sondagpoeding, 24/5:**
Heerlike Roly Poly vir ingeval jy vergeet het; nou ná die erediens by die kerksaal!